water & forestry
Department:
Water Affairs and Forestry
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**Privaatsak X 313**
**PRETORIA**
**0001**

**185 Schoeman Straat**
**Sedibeng Gebou**
**PRETORIA**
**0002**

Tel: (012) 336-8814, Faks (012) 336-8295

**Navrae:** OJS vd Berg
**Telefoon:** (012) 336 8613
**Verwysing:**

Geagte Mnr. Van Rensburg,

**MOKOLO-KROKODILRIVIER WATER AANVULLIGSPROJEK: MOONTLIKE STAATSWATERWERKE IN DIE KROKODILRIVIER TE VLIEËPOORT**

Ek verwys na u versoek aan die projekspan om meer inligting te bekom oor die voorgestelde ontwikkeling wat moontlik in die omgewing van Vlieëpoort kan plaasvind en wat moontlik u eiendom kan raak.

Die Departement van Waterwese en Bosbou (Departement) is tans besig met 'n studie ten einde die uitvoerbaarheid te ondersoek na die beste wyse om water aan die groeiende ontwikkeling van Eskom en andere in die Lephalale gebied te voorsien. Die finale aanbevelings deur die Raadgewende Ingenieurs aan die Departement sal teen die 2e helfte van 2009 ingedien word, waarna 'n besluite oor die implementering geneem sal word. Die ontwerp stadium sal ook begin en detail van die werke sal dan gefinaliseer word. Dit is dus ongelukkig nie op hierdie stadium moontlik om enige defnitiewe inligting betreffende die moonlike impak op u eiendom nou reeds aan u te voorsien nie.

Daar kan egter duidelikheidshalwe aangedui word dat een van die moontlikhede wat ondersoek word, is om 'n uitkeerstruktuur op 'n geskikte posisie in die Krokodilrivier te Vlieëpoort te bou. Dit sal moontlik ook die bou van 'n ontslikkingswerke, 'n balanseerdam, 'n pompstasie en verwante werke, insluit. Tans word daar as deel van die uitvoerbaarheidstudie, boorwerk gedoen om vas te stel of die fondamenttoestande aanvaarbaar vir sodanige strukture is. Die departement se benadering waar Staatswaterwerke gebou word is om die grond te bekom (aan te koop) waar die impak van die infrastruktuur sodanig is dat die grond permanent onbruikbaar vir die grond eienaar sal wees (bv die area van opdamming, permanente strukture soos pompstasies ens). Die benadering is ook om servitute te registreer waar impakte tydelik is, byvoorbeeld waar die grondeienaar die grond later weer onder sekere voorwaardes kan gebruik, soos servitute vir konstruksie en pyplyne wat begrawe word.

Die normale openbare deelname proses van die Omgewingsimpakstudie vir hierdie beoogde werke sal eersdaags in aanvang neem waar daar ook geleentheid sal wees om inligting te bekom.

Ek vertrou dat hierdie inligting voldoende is om u navraag te beantwoord. U is ook welkom om enige verdere navrae aan die projekspan te rig volgens die wyse wat u reeds gevolg het.

Die uwe,

**DIREKTEUR-GENERAAL: DEPARTEMENT VAN WATERWESE EN BOSBOU**

**DATUM:**